

EK KYK OP NA DIE BERGE: WAAR SAL MY HULP VANDAAN KOM?

PSALM 121

15 Julie 2018

Prediking:

1.

Vriende in die Here Jesus Christus.

Ek dink elkeen van julle het al op een of ander wyse daardie ang, selfs vrees, ervaar net voordat jy in die motor klim om 'n lang afstand af te lê.

Dalk ervaar u dit elke keer indien u die verkeer moet aanvat. Elke dag moet jy die gevare van die pad trotseer. Ons dink onwillekeurig – gaan ek vandag in 'n ongeluk betrokke wees? Gaan ek dit oorleef?

Ek self ervaar die ang en vrees wanneer ons regmaak om met verlof te gaan. 'n Onverklaarbare ang en vrees kom oor my soos ek die tasse laai, soos ek vir Hanna in haar stoeltjie vas maak. Ek wonder onwillekeurig of ons by ons bestemming gaan uitkom.

Klim ons agter die stuur bid ons elkeen: *Ag Here, wees met ons, laat ons veilig ander kant uitkom.*

2.

Psalm 121 is geskryf deur 'n persoon wat op reis is. Die persoon gaan egter nie weg met verlof nie. Nee, dit is eerder geskryf deur 'n soldaat wat besig is met 'n militêre operasie of veldtog.

- Die Psalm is dalk deur koning David geskryf terwyl hy met die sy weermag op reis is na een of ander veldslag?
- Miskien is die Psalm geskryf deur 'n soldaat, of 'n generaal, of 'n priester wat besig is om hom self voor te berei vir 'n onafwendbare konfrontasie.

Verbeel net die persoon se vrees? Hy is besig om saam met die res van die troepe te masseer na 'n onsekere toekoms.

- Na 'n veldslag, 'n vyand wie se grote en sterkte nie gepeil kan word nie? Soos die persoon loop wonder hy of sy kamererade gaan oorleef?
- Hy wonder of hy gewond gaan word, en of hy nie miskien op die slagveld agtergelaat gaan word nie?
- Hy wonder of hy ooit weer by die voordeur van sy huis gaan inloop om sy vrou en kinders te omhels?

Miskien is sy emosies nie so onbekend en vreemd as wat ons dink nie? Die herinnering van die **grensoorlag** is nog helder in baie van ons mense se harte en verstand.

3.

Hoe gaan die onbekende soldaat die reistog oorleef? Waar gaan sy hulp vandaan kom? Wie gaan hom bystaan wanneer die vyand voor hom staan?

- Dit help nie hy **kyk op na die berge** nie? Daar sal hy nie hulp vind nie. Die gode wat daar aanbid word, is stom en doof. Die berge, of die natuur wat dit simboliseer, kan hom ook nie help nie.
- Dit help ook nie hy kyk na sy **bevelvoerders** vir hulp nie. Nee, hulle is maar net gevalle mense soos hy. Hulle maak foute en in die proses verloor baie hul lewens.
- Kyk hy na sy **mede soldate** vir hulp sal hy ook daar teleurgestel wees. Dit is mense wie se moed hulle begeef, wie struikel en val, en fokus op hulle eie oorlewing.
- Plaas hy sy **vertrou in homself en sy vermoë op die slagveld** is dit te vergeefs. Hy is maar net een persoon wat te staan kom voor die aanslag van baie.

Dan gemeente, kom hy tot die besef – hy bely dit: **Sy hulp, sy hoop, sy bystand kom net van die Here**. Waar ander hom sal vaal, bely hy dat God hom help, en die Here is almagtig – Hy is die skepper van die hemel en die aarde.

4.

Dit is amper asof die soldaat die gesprek met homself voer. Soos hy loop, soos hy na die volgende kamp, die volgende veldslag beweeg, sê hy hardop aan homself: *Ek kyk op na die berge, waar sal my hulp vandaan kom?* En dan antwoord hy sy eie vraag. *Sy hulp kom net van die Here wat hemel en aarde gemaak het.*

Na die inleidende twee versies van die Psalm **verander die trant van die Psalm geheel en al.**

’n Mens moet dit amper verbeel. Soos hy loop en met homself praat hoor een van sy mede troepe hom. Dalk worstel die persoon met die selfde angs, vrees en onsekerheid?

Ons kan die afleiding maak omdat die aanspreek vorm skielik verander. In vers 1 en 2 praat die Psalm van “My”, “wie sal my help”. En dan word daar vanaf vers 3 van “Jou” gepraat. “Hy sal jou...”

En wat sê die mede soldaat vir die digter? Hy beaam in ’n sekere sin presies wat die eerste spreker sê. Hy doen dit deur **kragtige beeldspraak** te gebruik wat weereens ’n militêre konnotasie het.

- Maak nie saak waarheen die soldaat **loop of op reis na heen is nie, die Here sal nie toelaat dat sy voet struikel nie.**
- Verder stel hy God gelyk aan ’n **wag, of ’n beskermmer, wat nooit insluimer of slaap nie.** Waar doodgewone mense hul oë toe maak en slaap is God soos ’n persoon wat waghou oor hul kamp en hy slaap nooit nie. Sy oë is altyd oop vir moontlike gevare.
- Dan sê hy so pragtig vir dié soldaat: Die here is **soos ’n skaduwee aan jou regterhand.** Nou om die beeld te verstaan moet ons onthou dat soldate van ouds hul skuld aan hul linkerarm gedra het en hul swaard in hul regterhand vasgehou het. **Jou regterkant was dus die deel van jou liggaam wat jy die mees kwesbaarste was.** Nou juis daar, waar jou mondering ’n swakplek het, daar is die Here. Hy is soos ’n skaduwee, dus onlosmaaklik van sy sy. Maak nie saak wat die omstandighede is nie, die Here is altyd met hom.
- Dan sê die man vir ons onbekende soldaat dat Here sal **verhoed dat die son hom bedag dodelik tref en ook nie die maan snags nie.** Nou in die tyd van

die van die Bybel was daar baie **bygelowe wat aan die son en die maan gekoppel was**. Sommige het die son en die maan met bose geeste geassosieer, ander weer met onbekende vreemde gode. Hoe dit ook al sy – God sal nie toelaat dat vreemde bonatuurlike magte ’n invloed oor hom uitoefen nie. Hy hoef nie daarvoor te vrees nie – God is immers die skepper van die hemel en die aarde.

- Dan sê die mede soldaat aan ons onbekende soldaat dat **God elke onheil van hom sal afweer – God sal sy lewe beskerm**. Ons kan indink dat ’n soldaat in die tyd van die Bybel uitgelewer was aan baie moontlike gevare. Daar was lokvalle, hongerte, siekte. Hy kon op die slagveld gewond word. Hy kon miskien verdwaal en van kamerade geskei word. Hy moet egter weet dat die Here elke oomblik met hom is, ook wanneer hy kwesbaar is.
- En dan laastens word aan die soldaat gesê dat **God sy ingaan en sy uitgaan sal beskerm**. Nou wat met die vreemde sinnetjie bedoel? Wel die eksegete is dit eens dat dit verwys na die oomblik wanneer ’n weermag uit ’n stad beweeg en dan weer na hulle veilige vesting terugkeer. Ons kan ons self goed indink dat ’n weermag baie kwesbaar is in die oomblik. Op die oomblik is die weermag kwesbaar, maar ook die stad, want dan is die poorte van die stad oop. Vir hom word gesê dat God hom, die weermag, asook die stad sal gekerm juis wanneer hulle op hul mees kwesbare stadium is.

Dan sluit die Psalm so mooi af – God doen dit vandag, van nou af, maar ook more, vir altyd.

- Die laaste sinnetjie bevestig aan ons dat God se **hulp, bystand, voorsienigheid, nie van ons afhang nie**.
- God steek ’n helpende hand na sy kinders uit ten spyte van hul **ongeloof, sonde en twyfel**.
- Selfs wanneer die soldaat voel dat God hom op die slagveld in die steek gelaat het, is God steeds teenwoordig en help die Here hom op maniere wat hy nie eers kan indink nie.

Ek wil net hierdie pragtige gedeelte hier vir ons saamvat.

Hier word die **lewe van 'n reisiger, 'n pelgrim, 'n soldaat van ons uiteengesit**. Dit is 'n man wat met **angs en vrees leef** en wonder **waar sy hulp vandaan gaan kom**. Dan kom hy tot die skokkende besef: *Maak nie saak waar hy kyk of soek om hulp nie, sy hulp kom net van die God wat hemel en aarde geskape het.*

Daarna word God en wie die God is vir ons in fyner detail geskets.

- Die God is met jou daar waar jy met **berge** omring word
- Die God is met **jou waar jy op reis** is.
- Die **God rus nie, hy sluimer nie in nie, Hy slaap nie** – Hy waak oor jou soos 'n soldaat wat nooit slaap nie.
- Die God is **soos die skadu aan jou regterhand** – onlosmaaklik van jou.
- Hy sal verhoed dat die **son jou brand**, en dat jy te gronde gaan wanneer die **maan oor jou skyn**.
- Die **Here wat hemel en aarde gemaak het sal verhoed dat onheil jou tref**.
- Die Here is met jou **tydens jou ingaan en uitgaan**.

Of anders gestel: *Daar waar die reisiger, die onbekende soldaat op sy mees **kwesbaarste is**, daar is die Here. Tussen onbekende berge, waar hy op reis is, wanneer hy slaap, wanneer sy regterkant onbloeit lê vir die vyand, wanneer die son hom bedags brand, en die aand onheil versteek, en wanneer hy ingaan en weer terugkeer daar is die Here. Die Here, sy God, is met **hom wanneer hy op sy swakste** is. God help hom, staan hom by, sonder dat hy vra of dit verdien – die Here gee die bystand aan die onbekende soldaat uit genade en liefde.*

6.

-
- Dalk wonder u op die oomblik **hoekom** die Psalm die geloofsbelydenis met sulke absolute sekerheid kan uiter?
 - **Hoe is dit moontlik** dat die digter hierdie ongelooflike belydenis kan uiter ten opsigte van God se bystand indien hy enige oomblik kan sterf.

Vriende, die man, kan die woorde ten opsigte van God glo, en vanuit die belydenis onder haaglike omstandighede leef **omdat hy na verlede kyk en kan sien hoe die Here in die verlede Israel, sy volk in soortgelyke omstandighede gehelp het.**

- Hy kyk terug en hy sien die **verbond**. God se ooreenkoms, sy beloftes aan sy voorvaders.
- Hy kyk terug, en hy sien die tyd in **Egipte en hoe God 'n magtige nasie** verslaan het aan die hand van wonderwerke.
- Hy kyk terug en hy **sien 'n woestyn en 'n vuurkolom, 'n wolkkolom, hy sien manna en kwartels.**
- Hy kyk terug en hy sien 'n **beloofde land**, 'n land van melk en heuning. Hy sien Jerigo se mure en hoe dit val sonder stad 'n soldaat 'n swaard optel.
- Hy kyk terug en hy sien die **koningshuis van David, en die bou van 'n tempel.**
- Hy sien God wat sy **volk uit Ballingskap lei en weer terugbring na huise,** hulle land.

Omdat hy uit die **geskiedenis leef, en dit 'n realiteit vir hom is, omdat hy glo dat die Here getrou is aan Sy beloftes, Sy woord, weet hy ook dat God vandag met hom is.** God was in die **verlede met sy mense, daarom is God ook vandag met hom, daarom is God ook more met hom.** Dit is vir hom 'n **tasbare realiteit, selfs wanneer hy leef in die skadu van die dood. En al sterf hy op die slagveld, het die wete, dat God getrou is, sy manier van lewe bepaal.**

Dus, vriende, kan die soldaat die ongelooflike dinge van God bely omdat God 'n tasbare realiteit is. God is nie 'n gedagte, 'n veraf sprokie nie, nee God is vir Hom soos die skadu aan sy regterhand. Juis, daarom, omdat hy vanuit die Goddelike realiteit leef, kan hy bely dat sy hulp net van die Here kom.

7.

Gemeente, ek wil afsluit deur een vraag aan jou te stel.

Waar kom jou hulp vandaan?

- Waar kom jou hulp vandaan wanneer daar **swaarkry** is, wanneer daar **verlange en alleenheid** is, waar kom jou hulp vandaan wanneer daar **nie**

meer geld is nie, wanneer verhoudings skeefloop, wanneer daar siekte is, wanneer die dood aan jou voordeur klop.

En tweedens: Waar gaan soek jy vir hulp? Kyk jy ook na die berge soos die digter? Kyk jy na die wetenskap, die wysheidsfilosofie. Kyk jy na mense, na jou self om hulp wanneer dinge skeefloop? Waar soek jy jou hulp?

Vandag kan ons nie anders as om saam met die digter te bely dat ons hulp net van die Here kom. Plaas ons ons vertrou op iets anders is dit te vergeefs. Kyk ons op na die berge en dink ons dat ons hulp daarvandaan kom maak ons 'n fout. Ons hulp kom net van die Here en aarde gemaak het.

Hy is met jou daar tussen die onbekende pieke, Hy is met jou wanneer jy op reis is, Hy is soos 'n soldaat wat wag oor jou hou, Hy slaap nooit nie, Hy is die skaduwee aan jou regterhand, Hy beskud jou van die son en die maan, Hy begelei jou ingaan en uitgaan.

Gemeente, soos in die geval van die Psalm, is God met jou daar waar jy op jou swakste is, daar war jy kwesbaar voor die aanslag van die wêreld staan.

8.

Hoe kan ons dit met sekerheid bely? Dit is so maklik om die Goddelike realiteit te twyfel.

Wel, soos die digter, moet ons maar net terug kyk. En wat sien ons raak wanneer ons verder kyk as die hoe pieke wat om ons staan?

- Ons sien Jesus raak,
- ons sien Sy weg na die kruis, ons sien Golgota,
- ons sien drie dae wat verby gaan,
- ons sien 'n oop graf,
- ons sien 'n Gees wat aan elkeen van ons gegee is.

Kyk ons terug besef ons dat God deur Jesus na die mens uitreik daar waar hy op sy swakste is, daar war die mensdom kwesbaar staan voor die aanslag van die wêreld. In Christus het God die swakpunt in ons mondering oorwin - naamlik

die dood en die sonde - en het Hy in Jesus, deur die Gees aan ons regterhand kom staan.

Omdat ons weet dat Jesus reeds die oorwinning behaal het, en Hy onlosmaaklik deel van ons is, **het ons hoop selfs wanneer dood aan ons voordeur klop.**

Word God, Jesus, die Gees, so 'n tasbare realiteit, kan ons nie anders as om te bely dat ons hulp van die Here kom nie.

9.

Die wete, dat God die skadu aan ons regterhand is, maak nie net dat ons ander voel en dink nie. **Dat help ons ook anders leef.**

Net soos God teenwoordig is daar waar ons op ons swakste is, daar waar ons kwesbaar is, so moet ons ook dankbaarheid hulp verleen

- aan die wat deur **onbekende berge verdring word,**
- wie op **reis** is,
- wie nie langer hul **oë kan oop kan hou nie,**
- wat **geskroei word deur die son of verdwaal gedurende die nag,**
- ons **moet die skadu aan die regterhand van ons medemens wees en hulle begelei daar waar hulle uitgaan,**
- maar ook wanneer hulle **terugkeer.**

Laat ons die hulp wees, God se instrument, in die wêreld.

Amen

Geloofsbelydenis: (luister sittend)

Luiste na Vonkk 188 as Belydenis (Ek lees die teks vir die gemeente voor)

Beangs kyk ek op na die berge rondom my. Ek wonder: Wie sal my kan help?

Die Here, Hy is jou beskermmer. Die Here, Hy sal jou bewaar. Die Skepper van hemel en aarde sal jou help en red in gevaar – Hy sal jou bewaar.

Wanneer versoekings en beproewings op jou pad kom, sal die Here jou bewaar: Op gladde plekke sal jy nie gly nie, want Hy sal jou vashou. Die Here sal altyd oor jou waghou; Hy word nie moeg nie en Hy slaap nie.

Die Here, Hy is jou beskermmer. Die Here, Hy sal jou bewaar. Die Skepper van hemel en aarde sal jou help en red in gevaar – Hy sal jou bewaar.

Geen krisis of siekte sal jou onderkry nie, want die Here bly in beheer: Dramas en druktes van die dag sal jou nie onverhoeds vang nie, bekommernisse en bedreigings van die nag sal jou nie oorweldig nie.

Die Here, Hy is jou beskermmer. Die Here, Hy sal jou bewaar. Die Skepper van hemel en aarde sal jou help en red in gevaar – Hy sal jou bewaar.

Oral waar jy gaan, is die Here by jou, Hy sal jou beskerm: As jy gaan werk of as jy by die huis is, as jy moet ry of as jy bly – Hy sal jou help, Hy sal sorg. Hy beskerm jou oral: nou en vir altyd.

Die Here, Hy is jou beskermmer. Die Here, Hy sal jou bewaar. Die Skepper van hemel en aarde sal jou help en red in gevaar – Hy sal jou bewaar.

Amen